# Loergaatjie op ons Lewens

**Hindenburgstr. 36, 70825 Korntal, Duitsland – Tel +49 711 839651602 - Email:mengessandra@gmail.com**

19 Februarie 2014

Liefste Julle!

Gou, voor ek gaan slaap, wil ek nog 'n geselsie met julle gesels. Dis hoog tyd dat die Menges-familie weer vertel hoe dit gaan. En steeds staan ek verstom. Dit gaan regtig baie goed met ons!

Ons is nou al 6 maande in Korntal. Maar dit voel of ons nog nooit iewers anders gebly het nie. Ons voel heeltemal tuis, al is dit nog 'n proses om regtig aan te kom in die realiteit. Mmmm, dit beteken: ons soek nog dokters en leer nog die treintye ken. Ons verhoudinge staan al, maar hulle is nog soos jong plantjies. En daar is tye dat mens wonder: "nou hoe nou gemaak?" Maar ons is tevrede en ongelooflik dankbaar.

Hier by die *Akademie für Weltmission* (European School for Culture and Theology) gaan dit baie goed. Tobias werk bitter hard, maar hy kom met 'n stralende gesig huis toe en is eenvoudig tevrede met sy werk. Die laaste jare het Tobias meestal met probleme gewerk. 'n Span het probleme en Tobias word ingeroep om dit uit te pluis en op te los. Hy was goed daarin, maar dit vat aan 'n mens as jou lewe uit probleme bestaan. Nou werk hy met mense wat wil leer en groei. En hy kan hulle dinge vertel en hulle groei en is opgewonde oor die nuwe ontdekkings.

Die laaste twee weke het Tobias 'n kursus aangebied wat hy nuut ontwerp het: Filosofie, Etiek en Kultuur. Hy moes baie ekstra ure insit om alles uit te werk, voor te berei, ekstra daaroor op te lees en die aanbieding te beplan. Ek kon hom help en het die kultuur-deel aangebied. Dit was vir ons beide baie lekker. Die studente was so opgewonde oor wat hulle ontdek het en hoe dit hulle werk as sendelinge beïnvloed. Hulle het dikwels vrae gevra en veral die verbinding tussen die drie begrippe was baie werd. Dit was vir beide van ons 'n groot lekkerkry en ja, ek sal in die toekoms weer help om die kursus aan te bied (lekker!!!). Ons Bybelskool bied spesifiek semesterkursusse aan in kompak-formaat. So word 'n hele semestervak se klasse in 10 dae ingedruk (08:00 – 16:00). Die huiswerk moet dan in die drie weke na afloop van die kursus gedoen word. So maak ons dit moontlik vir sendelinge om in te vlieg, 'n kursus af te handel en weer uit te vlieg na hul sendingveld en, stadig maar seker, hulle kennis en verstaan uit te bou – en terselfdertyd 'n graad te kry – wat weer verdere deure kan oopmaak!

Noudat die kursus verby is, is Tobias besig om nuwe aansoeke te verwerk (alles wat hy nie gedoen het terwyl die kursus aan die gang was) en hy is besig om die BA-program se eindeksamen te beplan. Nie net die regte eksamen nie, maar ook wat die studente se slaagkriteria is en hoe dit met ander punte, alreeds behaal, saam pas. Aangesien die Bachelors program net twee jaar oud is, het nog geen Bachelor studente die kursus voltooi nie; daarom is dié deel van die kursus nog nie klaar ontwerp nie. Dit is belangrik dat daar nie net 'n eindeksamen is nie, maar dat dit op die internasionale standaard vir Bachelors programme is, anders word dit nie erken as n waardige program nie.

Intussen het ek ook begin studeer - hier by ons eie Bybelskool. Ek doen 'n Europese Sertifikaat in Interkulturele Coaching. Hierdie studies sal vir my baie deure oopmaak hier in Europa en ek hoop om die oop deure te gebruik om Jesus nader aan mense te bring. Hierdie week loop ek klas. Daar is ses klas-loop weke in die kursus wat ek minimum binne 1 jaar, maksimum binne 5 jaar, kan voltooi soos dit my pas. Intussen moet ek boeke lees, "papiere skryf" en praktiese ervaring opdoen. Dit pas in by wat op hierdie stadium in my lewe gebeur. Weer en weer kom mense na my vir hulp rondom spesifieke aspekte in hul lewens. Dis 'n wonderlike geleentheid om individueel in mense se lewens in te bou en ook om God aan mense voor te stel. Julle kan saambid dat ek wysheid sal bekom om die nuwe moontlikhede in die toekoms te ontgin.

'n Ander projek waaraan ek werk, is om saam met 'n Duitse vrou 'n kreatiewe koffiewinkel op te bou waarheen mense kan kom, kreatief kan wees en tussendeur 'n koppie koffie kan drink. As deel van die koffiewinkel/ateljee sal daar ook die moontlikheid wees om terapie, berading, coaching of geestelike gesprekke te soek. Ons konsep staan. Nou soek ons 'n plek waar ons dit kan doen. Daar is verskeie opsies. 'n Verniet-opsie waarop ons gehoop het, kan ons nie hê nie, aangesien die eienaar die gebou wil verkoop. Nou is daar nog twee opsies in Korntal waarna ons kyk. Maar ons het maandeliks R25 000 nodig vir die huur alleen. Ons is glad nie bereid om skuld te maak nie, so ons volgende stap is om 'n trust te vind wat bereid is om ons te help. Ons kies om niks op skuld te doen nie. Ek weet nie wat daaruit gaan voortvloei nie. Ek glo dat die Here

die deure sal oopmaak as dit reg is, en as dit nie reg is nie, wil ek vir seker nie deel daarvan wees nie. Hoe dit ookal sy, Adelheid en ek kom baie goed reg en ons dra mekaar deur die proses op 'n wonderlike manier. Ek glo dat, as ons die ding regtig aan die gang kan kry, dit 'n skatkis van geleenthede vir ons sal oopsluit.

Ons kinders is baie kosbaar. Hulle is ware liggies hier in die omgewing. Ek word dikwels gevra of ek die ma van die drie sussies is. En ek is! Dit gaan uitstekend in die skool en hulle geniet die kerk baie (hier is baie tieners in die gemeente!). Liesl is op soek na 'n spesiale maatjie (die ander dogtertjie is toe nie die maatjie wat ons gehoop het nie), maar ons gee nie op nie. Sy kom goed reg in haar klas en dit alleen is baie kosbaar. Ilana het intussen haar plekkie in die klas gevind en is besig om die kinders te ontdek. Baie kom na haar vir hulp met skoolwerk en sy geniet dit om hulle te help. Ons is so dankbaar dat Ilana nou gemaklik voel in die skool na 'n paar moeilike maande aan die begin. Annelie blom. Sy is volwasse en vol selfvertroue en opgewonde oor die lewe. Wat 'n geskenk!

In Oktober was my ouers hier. Ons het ons tydjie regtig baie geniet. Wat 'n voorreg om ons nuwe wêreld aan hulle bekend te stel! Kosbare herinneringe en foto's en spesiale gesprekke. 'n Regte seën vir ons almal.

Ek groet. Ingesluit is 'n brief wat ons Rektor aan julle geskryf het. Ek het dit vertaal sodat julle almal kan verstaan wat daarin gesê word. Die inhoud kom egter van hom.

Dankie, julle liewe mense, vir julle gebede, julle finansies en julle regte, egte omgee. Dankie dat julle ons hande hoog hou sodat ons hier in 'n baie donker wêreld kan leef en wees. Saam is ons deel van 'n span wat 'n verskil maak in die Koninkryk. Julle is baie spesiaal!

Tobias en Sandra met Annelie, Ilana en Liesl Menges

## Dankie aan die Menges ondersteuners

Liewe vriende van die Menges gesin,

Vandag wil ek graag, namens al die kollegas en studente van die *Akademie für Weltmission*, aan julle n groot DANKIE sê. Deur julle ondersteuning sorg julle dat die Menges gesin die afgelope 6 maande hier by ons kon begin werk.

Ons was so dankbaar dat Tobias en Sandra "ja" gesê het en ons uitnodiging om hier te werk, aanvaar het. So het hulle in Augustus 2013 na Korntal getrek. Dis lekker vir ons almal om weer familielewe op die kampus te hê. Sandra se kunssinnigheid is regdeur die die gebou sigbaar. Die jong dames in die gesin is altyd bereid om by spesiale geleenthede te help. En Tobias het ongelooflik vinnig sy nuwe werk bemeester.

Tobias is die Dekaan vir die Bachelors program vir Sendelinge (B.A. Interkulturele Studies). Met groot entoesiasme het hy die sisteme en strukture leer hanteer. In November kon die leierskap van die Akademie saam met Tobias ons suster-universiteit: Columbia International University in Amerika besoek. Hier het Tobias die geleentheid gehad om met sy nuwe kollegas aan die ander kant verhoudings te bou.




*Vlnr: Tobias Menges, Rektor Traugott Hopp, Dekaan Dr. Bernhard Ott, Programkoordinator Carmen Crouse*



Intussen het Tobias sy eerste kursusse, deels met Sandra se ondersteuning, aangebied. Ek het deur die skuifdeur geloer en kon sien dat die studente op die punte van hul stoele sit en baie geïnteresseerd oplet. Die studente waardeer die natuurlike, vrolike en die uitstekende manier waarop Tobias en Sandra die inhoud aan hulle oorgedra het. Hulle wêreldwye ervaring is duidelik sigbaar in die praktiese voorbeelde en sigbare kennis. Dit beteken dat hullle die sendelinge raad kan gee en kan help om regtig ook te verstaan wat hulle leer.

DANKIE, vir julle bydrae: julle betrokkenheid, julle gebede en julle finansies. Tobias en Sandra se werk is 'n groot bemoediging vir baie gelowiges en deur hulle word baie toegerus om Jesus Christus aan mense in verskillende tale en kulture voor te stel.

Met hartlike groete van die *Akademie für Weltmission*

Traugott Hopp
- Rektor -